

HOOFSTUK DRIE.

=====

DIE PSIGIESE ONTWIKKELING VAN DIE LAERSKOOKIND.

=====

A. Inleiding.

Die algemene gebruik is vandag om leerlinge aan die begin van die skooljaar waarin hulle die ouderdom van ses jaar bereik, tot die primêre skool toe te laat. Die laerskoolkursus duur tans sewe jaar indien die leerling elke jaar na 'n hoër standaard bevorder word. Dit beteken dat die leerling wat normaal bevorder word, die primêre skool verlaat op twaalf- of dertienjarige leeftyd. In Transvaal moet alle leerlinge aan die begin van die jaar waarin hulle veertien jaar oud word na 'n sekondêre skool oorgeplaas word. Vanaf sy vyfde of sesde lewensjaar tot sy twaalfde of dertiende lewensjaar besoek die normale leerling die primêre skool.

In die volgende paragrawe word kortliks nagegaan wat die opvoedkundige sielkunde ons leer omtrent die ontwikkeling van die kind se taalvermoë, denke, geheue, waarneming en belangstelling in lees gedurende die periode waarin die kind die primêre skool besoek.

B. Die Taalontwikkeling van die kind.

Die verbasende snelle aanlering van taal deur die jong kind is 'n verskynsel wat meer en meer die aandag van taal- en sielkundiges geniet.¹

Die noue verband wat daar bestaan tussen taal- en denkontwikkeling bring mee dat 'n sekere minimum taalkennis 'n vereiste vir doeltreffende onderrig op skool is. Die taalontwikkeling van die kind is baie snel gedurende die eerste vyf lewensjare.

=====

1. Carmichael, L.(editor): „Manual of Child Psychology“, bl.476.

Die leerling wie se taalvermoë op vyfjarige leeftyd goed ontwikkel is, kan dadelik die voordele geniet van hierdie waardevolle instrument wat ten grondslag lê van al sy sosiale en intellektuele aktiwiteite. Vir die doel van hierdie navorsing sal dit dus van belang wees om kortliks na te gaan watter stadia van taalontwikkeling die kind deurmaak voordat hy die primêre skool vir die eerste keer besoek.

1. Die voorskoolse taalontwikkeling.

Deur gebruik te maak van gevoelige opname-apparate en as gevolg van verbeterde meettegnieke, is noukeurige rekords verkry van die kinderlike uitinge, selfs voordat die kind werklik kan praat. Navorsers het selfs opnames gemaak van vagitus uterinus of die voorgeboortelike skreeu.² Navorsers stem ooreen dat die eerste geluide van die kind na geboorte refleksief van aard is en dus nie beskou kan word as betekenisvolle spraak nie. Volgens Moormann³ vind die eerste werklike taaluiting plaas sodra die kind beseft dat met sekere geluide een of ander strekende effek bereik kan word.

a. Die begrip van taal.

Kinders kan gesproke taal verstaan voordat hulle self kan praat.⁴ Volgens Strickland⁵ kan ongeveer vyftig persent babas op die ouderdom van nege maande eenvoudige bevels verstaan, hoewel die meerderheid kinders eers vanaf die eerste tot die tweede lewensjaar eenvoudige instruksies kan verstaan en korrek uitvoer.

2. Carmichael, L.: op. cit. bl. 489.

3. Moormann, dr. J.G.M.: „De Moedertaal“, bl. 13.

4. Carmichael, L.: op. cit. bl. 497.

5. Strickland, R.G.: „The Language Arts in the Elementary School“, bl. 61.

b. Die eerste woord.

Ongeveer vanaf die tiende maand gebruik baie kinders al een-woord-sinne.⁶ Weens die beperkte woordeskat word hierdie een-woord-sinne tot betekenisvolle uitinge aangevul deur gebare, infleksie en intonasie.⁷

Hierna volg 'n periode van insinking, want eers vanaf die tweede lewensjaar gebruik die kind sinne van twee tot drie woorde. Hierdie woorde het vir die klein kind alle^en waarde binne die sins- en situasieverband. Uit die waarneming blyk dat dieselfde woord dikwels vir verskillende wensuitinge gebruik word. So byvoorbeeld is die woord „tata“ gebruik vir „totsiens“, of „ek wil gaan loop“, of „ek wil saamgaan“, of selfs vir die stootkarretjie, die motor en 'n hoed.

c. Ingewikkelde sinne.

Volgens verskillende navorsers⁸ gebruik die tweejarige kind sinne van gemiddeld een tot twee woorde, terwyl die driejarige kind sinne met 'n gemiddelde lengte van drie tot vier woorde gebruik. Teen die vierde lewensjaar kan die meeste kinders hulleself deur middel van taal verstaanbaar maak, hoewel dit opmerklik is dat kinders van hierdie leeftyd moeilik een of ander mededeling in ander woorde kan sê as wat hulle reeds gebruik het. Teen die vyfde lewensjaar gebruik die kind sinne van gemiddeld vier tot agt woorde en sal die meerintelligente kinders sinne gebruik wat in hipotaktiese verband tot mekaar staan.

6. Gesell, A. and Ilg, E.L.: „The Child from Five to Ten“, bl. 444.

7. Bühler, K.: „The Mental Development of the Child“, bl. 133.

8. Carmichael, L.: op. cit. ble. 520-521.

d. Die ontwikkeling van die woordeskat.

Madorah Smith⁹ stel die ontwikkeling van die kind se woordeskat soos volg: die eenjarige kind ken drie woorde, die tweejarige eenhonderd-en-agtien, en die driejarige eenduisend tweehonderd twee-en twintig. Op vierjarige leeftyd ken die kind 1,870 woorde en op vyfjarige leeftyd 2,289 woorde. Waddle¹⁰ beweer dat die vyfjarige kind reeds 2,837 woorde ken. Sandiford¹¹ stel die begripswoordeskat van die sesjarige kind op ongeveer tweeduisend woorde. Coetzee¹² stel die algemene woordeskat van die vyfjarige kind op 2,070 woorde en die van die sesjarige op 2,560 woorde.

Die vyfjarige kind kan homself dus redelik verstaanbaar in taal uitdruk, gebruik sinne van vier tot agt woorde en ken ongeveer 2,500 woorde.

2. Die ontwikkeling van die taalvermoë gedurende die laerskooljare.

Hoewel die resultate van baie navorsing in verband met die kind se taalontwikkeling bekend is, het slegs in klein gedeelte hiervan betrekking op die taalontwikkeling van die laerskoolkind. Die omvang van die ouer kind se taaluiting is nie so maklik kwantitatief en kwalitatief meetbaar as die van die voorskoolse kind nie. Taalvermoë is so 'n omvattende begrip dat geen navorsers nog daarin geslaag het om die interkorrelasies van die verskillende aspekte van die taalvermoë vas te stel nie, omrede hierdie inter-

9. Smith, M.: "An Investigation of the Development of the Sentence and the Extent of Vocabulary in Young Children", bl. 54.
10. Waddle, C.W.: "Child Psychology", bl. 166.
11. Sandiford, P.: "Educational Psychology", bl. 328.
12. Coetzee, Prof. dr. J.C.: "Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoedkunde", bl. 122.

korrelasies nog nie ten volle deur navorsers begryp word nie.¹³ Die behoefte bestaan om die verband te bepaal tussen die gesproke taal van die kind en die aanleer van sekundêre vorme van taalg gebruik soos by lees en skrywe.¹⁴ Carmichael beweer verder dat, „the very important problem of determining the relationship of linguistic development to other aspects of the child's total development and its rôle in the development of an integrated personality also remains unsolved, and probably will have to wait upon the appearance of better linguistic measures“.¹⁵

Minder aandag word tans deur navorsers geskenk aan die verhouding van die rededole tot mekaar in die gesproke en die geskrewe taal van die kind, terwyl meer aandag geskenk word aan die psigologiese betekenis en funksie van die verskillende rededole.

Dit is baie moeilik om die woordeskat van 'n persoon kwantitatief te bepaal, omdat elke mens eintlik vier soorte woordeskat het, nl. gebruikswordeskat, skryfwoordeskat, gehoors-begripswoordeskat en leeswoordeskat. Vir ons doel is laasgenoemde twee soorte die belangrikste, omdat albei begripswoordeskat is.

Daar is egter nog 'n ander rede waarom dit moeilik is om die geestelike inventaris van 'n individu kwantitatief uit te druk. Die woordeskat van 'n taal het geen vaste genheid wat binne bepaalbare grense gestel kan word nie. Schoonees¹⁶ vergelyk

die woordeskat van die individu met 'n newelmasse

=====

13. Carmichael, L.: op. cit. bl. 568.

14. Carmichael, L.: loc. cit.

15. Carmichael, L.: loc. cit.

16. Schoonees, Dr. P.C.: „Die Groot Afrikaanse Woordboek“, Die Huisgenoot, 18 Julie 1952, bl. 41.

wat deur 'n teleskoop bekyk word. Dit het 'n helder kern met kringe wat geleidelik minder helder word; totdat dit geheel en al verdwyn in 'n dowwe rand wat nêrens ^{cindig} nie en ongemerk in die omringende duisternis verdwyn. Die woordeskat is nie staties en permanent in sy bou nie, want die samestellende dele verdwyn en word weer deur ander nuwe dele vervang wat ook mettertyd weer verdwyn.

Wanneer die woordeskat van 'n persoon of persone kwantitatief bepaal moet word, is dit noodsaaklik om eers vooraf te bepaal watter graad van holderheid vereis word voordat 'n woord as behorende tot die persoon of persone se woordeskat beskou kan word. Dit is dan ook die rede waarom kwantitatiewe gegewens van navorsers so uiteenlopend is en so ver van mekaar verskil.

Uit die gegewens van verskillende navorsers is 'n kwantitatiewe tabel van die woordeskat van kinders van verskillende ouderdomme opgestel. Ongelukkig het slegs twee van ses lysie betrekking op Afrikaanse kinders en die monster kan nie as verteenwoordigend van die hele bevolking beskou word nie. Uit die gegewens van Smith¹⁷, Waddle¹⁸, Rinsland¹⁹, en Terman²⁰ is dit nie duidelik watter graad van helderheid hulle as vereiste gestel het nie. Verder is dit ook nie duidelik of begripswoordeskat of gebruikswordeskat bedoel word nie.

- =====
17. Smith, Madorah: "An Investigation of the Development of the Sentence and the Extent of Vocabulary in Young Children", loc. cit.
18. Waddle, C.W.: "Child Psychology", bl. 166.
19. Rinsland, G.: "A Basic Vocabulary of Elementary School Children", bl. 12.
20. Sandiford, P.: "Educational Psychology", bl. 328, d.i. die Stanford-Binet norme soos deur Terman vasgestel.

TABEL I. DIE GROEI VAN DIE WOORDESKAT.

| Ouderdom van leerlinge in jare. | | | | | | | | |
|---------------------------------|------|------|------|------|-------|-------|-------|-------|
| Navorsers. | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 |
| Smith. | 2569 | | | | | | | |
| Waddle. | 3850 | | | | | | | |
| Rinsland. | 5099 | 5821 | 8976 | 9976 | 11449 | 12304 | 14820 | 17930 |
| Terman. | | | 3600 | | 5400 | | 7200 | |
| Steyn. ²¹ | | | | | 4950 | 5850 | 6600 | 7500 |
| Potgieter ²² | | | | | | | | 9600 |

Die gemiddelde woordeskat van die twaalfjarige leerling, bereken volgens die gegewens van Rinsland, Terman en Steyn, is 9,540 woorde. Potgieter stel die woordeskat van die standerd VI-leerling, 'n standerd wat leerlinge tans op twaalf- of dertienjarige ouderdom bereik, op 9,600 woorde. Die woordeskat van die twaalfjarige leerling kan dus op ongeveer 9,500 woorde gestel word.

In die voorafgaande paragrawe is vasgestel dat die woordeskat van die vyfjarige leerling op ongeveer 2,500 woorde gestel kan word.²³ Dit beteken dat die gemiddelde leerling gedurende die sewejarige laerskoolkursus seweduisend woorde geleer het.

Wat die verhouding van die rededele tot mekaar betref, het Steyn²⁴ gevind dat, die gebruik van selfstandige naamwoorde, interjeksies en voor-naamwoorde na verhouding geleidelik verminder, terwyl die gebruik van werkwoorde, bywoorde en byvoeglike naamwoorde na verhouding geleidelik vermeerder.

21. Steyn, H.A.: „Die Skriftelike Taaluiting van Skoolkinders“, bl. 144.

22. Potgieter, G.J.: D.Ed. proefskrif, op. cit. bl. 217.

23. Sien bladsy 75.

24. Steyn, H.A.: op. cit. bl. 153.

Die redes vir hierdie afname aan die een kant en die vermeerdering aan die ander kant, is volgens Steyn²⁵ die volgende: Eerstens is daar 'n toename in die abstraksiebegrip wat ook die relasiobegrip omvat. Tweedens vorder die logiese rangskikking van die materiaal namate hipotaktiese sinne meer gebruik word. Derdens is daar die geleidelike vat op objektivisme en die geleidelike losmaking van subjektivisme. Hierdie ontwikkeling val baie nou saam met die ontwikkeling van die kinderlike denke en geheue.

C. Die ontwikkeling van die waarneming, die geheue en die denke.

1. Die ontwikkeling van die waarneming.

Prof. J. Chris Coetzee²⁶ onderskei vyf stadia in die ontwikkeling van die kinderlike waarneming, drie waarvan gedurende die eerste vyf jare van die kind se lewe voorkom, t.w. die voor-, ding- en werkingstadium.

Gedurende die eerste jaar van die kind se lewe ontwikkel die waarnemingsvermoë geleidelik vanaf 'n stadium waarin die kind geen reaksie vir eksterne prikkels toon nie, tot 'n stadium waar die kind op ongeveer eenjarige ouderdom, voorwerpe kan onderskei as aparte entiteite.²⁷

Gardner Murphy²⁸ onderskei slegs drie stadia in die klein kind se waarneming, nl. die waarneming van 'n ongedifferensieerde geheel, die waarneming van aparte entiteite en die integrasie van nuwe betekenisvolle waarneming.

=====

25. Steyn, H.A.: "op. cit. bl. 153.

26. Coetzee, prof. J.C.: "Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoedkunde", bl. 132-133.

27. Davis, R.A.: "Psychology of Learning", bl. 47.

28. Murphy, G.: "A Briefer General Psychology", bl. 177.

Vanaf ongeveer die sesde lewensjaar word die verhouding van voorwerpe tot mekaar waargeneem. Hierdie stadium is belangrik vir die ontwikkeling van die taal- en denkontwikkeling van die kind.²⁹

Vanaf ongeveer die negende lewensjaar word aan sekere voorwerpe sekere eienskappe toegeken.³⁰ Hierdie hoedanigheidstadium val saam met die snelle ontwikkeling van die abstrakte denke en ook met die vinnige ontwikkeling van die taalvermoë van die kind.

2. Die ontwikkeling van die geheue.

Wanneer van die geheue van 'n persoon gepraat word, word aangeneem dat die persoon iets waargeneem of geleer het, onthou het en in staat is om weer te herken na terugroeping.³¹ Geheue veronderstel dus sintuiglike waarneming van iets binne of buite die waarnemingsplek. Daarna kan seleksie en appersepsie plaasvind. Wanneer geen diskursiewe denke plaasvind nie, word van meganiese geheue gepraat, terwyl vir logiese geheue diskursiewe denke vereis word.

Daar bestaan sover bekend, geen geldige toets vir meganiese geheue nie. Dit is egter duidelik dat die meganiese geheue vir getalle, woorde, gebeurtenisse en feite sterk ontwikkel gedurende die laerskooljare van die kind.³²

Die logiese geheue ontwikkel eers merkbaar na die agste lewensjaar. Die grootste belemmerende faktor in die ontwikkeling van die logiese geheue is die gebrek aan taalvermoë. Eers na die twaalfde lewensjaar ontwikkel die logiese geheue baie snel.³³

29. Coetzee, prof. J.C.: op. cit. bl. 132-133.

30. Coetzee, prof. J.C.; loc. cit.

31. Murphy, G.: op. cit. bl. 286.

32. Coetzee, prof. J.C.: op. cit. bl. 139.

33. Coetzee, prof. J.C.: loc. cit.

Hierdie gegewens insake die ontwikkeling van die geheue stem merkbaar ooreen met die jongste opvattinge insake die ontwikkeling van die denke. Hierdie korrelasie tussen geheue en denke is vanselfsprekend, aangesien geheue nie net blote reproduksie is nie, maar 'n vorm van denke en ook 'n denkwyse.³⁴

3. Die ontwikkeling van die denke.

Hoewel denke net soos waarneming ook 'n intensionele proses is, verskil denke egter van waarneming deurdat dit meer teleologies en doelgerig is en geleidelik meer en meer voorstellingsloos verloop namate die individu se denkvermoë ontwikkel. Voorstellings is meer assosiatief aan mekaar verbind, terwyl gedagtereekse aanskouingsloos en doelgerig toegespits is op die oplossing van die probleem wat as 'n uitdaging tot die denker kom.

Met soos by waarneming word sekere prikkels uit die konstellasië geselekteer. Indien daar genoeg kennis is, word in die probleem belang gestel; daarna word sekere intellektuele kenmerke geaktiveer. Die denke gaan egter verder as 'n waarneming deurdat, met behulp van abstraksie, kombinasie en seleksie van vorige kennis, die korrekte oplossing geselekteer word. Hierdie seleksie is geensins dieselfde as die lukraak oplossingsmetodes wat deur sommige sielkundige skole as denke bestempel word nie.

By die bespreking van die ontwikkeling van die kinderlike waarnemingsvermoë is gemeld dat die kind van ongeveer sy sesde levensjaar af die betrekking tussen voorwerpe kan waarneem. Teen on-
=====

34. Reyburn, H.A.: "An Introduction to Psychology",

veer die negende lewensjaar neem die kind ook die hoedanighede van voorwerpe noukeurig waar. Dwarsdeur sy hele denkontwikkeling bly die kind egter meer afhanklik van die uiterlike aanskouing as die volwassene, omdat die innerlike belewenis slegs uit die uiterlike waarneming ontstaan. Die kind moet dus gedurig terug referer na die aanskoulike om die gebrekkige of onvoldoende waarneming aan te vul en te kontroleer.

Uit die navorsing van die Würzburgse, die Marburgse en die Amsterdamse skole blyk dat die denke, taal en aanskouing van die kind uit een ongedifferensieerde eenheidstoestand uitkristalliseer, hoewel die ongedifferensieerde funksies steeds die neiging toon om weer saam te werk op die basis van aanskouing.³⁵ Taal bly egter die middel om die denke los van die aanskouing te maak. Hoewel die individuele denkwysse van kinders grotendeels verskil as gevolg van wisselende ontwikkelingstemp's, kan daar tog 'n sekere reëlmaat bespeur word.³⁶

Daar is 'n massa getuienis wat aantoon dat die negende tot die twaalfde lewensjaar die belangrikste stadium in die ontwikkeling van die kinderlike denke is. Die belangrikste kenmerke van hierdie stadium is die volgende:

a. Die werklikheidsgerigtheid.

Gedurende die periode vanaf die negende tot die twaalfde lewensjaar, ondergaan die kinderlike denke 'n werklike wending vanaf die fiktiewe na die

35. Groenewald, A.J.: „Die sielkundige grondslag en praktiese toepassing van Aanskouingsonderwys met spesiale verwysing na die onderwys in Natuurstudie“, D.Ed. proefskrif, U.P., ble. 161-162.

36. Groenewald, A.J.: op. cit. bl. 353.

37. Groenewald, A.J.: op. cit. ble. 293-305.

reële.³⁸ Die kind stel meer belang in die dinge soos hulle werklik is en hulle verhouding tot mekaar, d.w.s. die kousale verband word opgemerk. Daar is volgens Charlotte Bühler³⁹ nou 'n drang tot werklikheidsbeleving; die uitwendige word nie meer passief waargeneem nie, naïwiteit wyk voor refleksiwiteit en die kind begin werklik dink. Die fantasie-voorstellingswêreld verdwyn en die kind is meer realisties ingestel op die buitewêreld. Daarom is daar gedurende hierdie periode 'n geweldige drang na kennis. Leer word nou 'n lus en die kind het 'n groot behoefte aan aanskoulikheid.

Groenewald⁴⁰ het gevind dat kinders gedurende hierdie fase beter presteer met aanskoulike leerstof in die dieretuin as gedurende enige ander fase.

b. Ontwikkeling van die konkrete na die abstrakte denke,

Gedurende die vorige fase het die kind hoofsaaklik aanskoulike voorstellingskennis vergader. Die behoefte aan 'n oorsigtelike ordeningsmetode word dan aangevoel.

Groenewald⁴¹ het by die negejariges wel pogings tot abstrakte denke gevind, maar die vermoë kan nog nie ten volle benut en gebruik word nie. Eers op ongeveer elfjarige leeftyd is daar duidelike tekens van abstrakte denke.

Oberer⁴² het gevind dat, wanneer kinders gevra word om sekere woorde te definieer, die nege- en die tienjariges die konkrete eienskappe van die

38. Bühler, C.: "Kindheit und Jugend", blc. 208-218.

39. Bühler, C.: loc. cit.

40. Groenewald, A.J.: op. cit. bl. 295.

41. Groenewald, A.J.: op. cit. bl. 300.

42. Oberer: "Untersuchungen über die Entwicklung intellektueller Funktionen in Schulalter." Zeitschrift für angewandte Psychologie", Ps.36, 1930, blc. 302- 306.

voorwerpe wat hulle moet definieer, op 'n inventarisagtige manier sal weergee. Die elfjarige openbaar 'n groter vermoë tot sintese, en is dus beter daartoe in staat om 'n definisie van 'n begrip te gee.

Susan Isaacs⁴³ het gevind dat die nege- en tienjarige kinders dieselfde eienskappe van voorwerpe op 'n fragmentariese en onsistematiese manier beskryf. By die nege- en tienjariges is daar dus 'n gebrek aan formele, logiese en verbale denke.

Vanaf die negende lewensjaar is daar 'n verskuiwing van nadruk in die waarneming. Waarneming word op die logiese verband tussen dinge en sake toegespits, eerder as op die besonderhede, terwyl die nadruk verskuif vanaf die voorwerp na die belewende subjek.

Uit die navorsing van die Duitse Denksigologie blyk dat die denke van die kind tot op negejarige leeftyd konkreetgebonde is. Die kind moet in sy denke van aanskoulike voorstellings gebruik maak. Vanaf die negejarige leeftyd word die denke meer en meer skematies, terwyl die oorgang na die abstrakte denke ongeveer met die puberteitsleeftyd saamval. Groenewald stel die oorgang vanaf die skematiese tot die abstrakte denke op die twaalfde lewensjaar.

Goldscheider⁴⁴ het gevind dat die kind tot op twaalfjarige leeftyd geneig is om los woorde meganies te leer, terwyl daar vanaf twaalfjarige leeftyd 'n neiging is om woorde in hulle sinvolle samhang te gebruik. Indien daar genoeg woordbegrippe

=====

43. Isaacs, Susan: „Intellectual Growth in Young children“, bl. 75.

44. Goldscheider: „Die Entwicklung des Verbalen Gedächtnisses im Alter von 6 bis 18 Jahren“, Beihefte für Zeitschrift für Angewandte Psychologie, Beiheft 64, 1932, bl. 48.

is, sal die denke gevolglik meer oplossingsmetodes tot sy beskikking hê en gevolglik beter kan ontwikkel.

Deur hierdie gevolgtrekking word die bevinding van Langeveld bevestig, nl. dat daar 'n noue verband bestaan tussen taal- en denkontwikkeling van die mens. Taal is nie alleen die funksie van die denke nie, dis ook die bronaar, die beskermmer en die krag agter die denke. Taal speel dus 'n fundamentele rol in die denkontwikkeling van die mens. Daarom dat dit noodsaaklik is om die taalvermoë van die kind so deeglik moontlik te ontwikkel.

D. Die Leesontwikkeling van die Laerskoolkind.

In die voorafgaande hoofstuk is die psigologiese en fisiologiese faktore wat die leesbegrip kan beïnvloed, bespreek. Uit die bespreking van die aard van die leesproses het dit geblyk dat lees nie afhanklik is van een enkele vermoë nie, maar van 'n samegestelde, gekompliseerde groep vermoëns wat deur verskillende faktore beïnvloed word. Om hierdie rede moet die indeling van die ontwikkelingsgang van die leesvermoë in afgebakende periodes as baie tentatief en rekbaar beskou word. Desnieteenstaande is dit tog leersaam om die ontwikkeling van die leesvermoë in fases in te deel.

Russell⁴⁵ verdeel die leesontwikkeling van die kind in ses fases t.w.,

1. Die voor-leesstadium vanaf geboorte totdat die kind die skool vir die eerste keer besoek.
2. Die aanvangsleesfaso.
3. Die aanvangsfase van onafhanklike lees.
4. Die oorgangstadium vanaf ongeveer die agste of negende lewensjaar.

45. Russell, D.H.: „Reading and Child Development“, 48 th Yearbook, Nat. Society, blc. 19-22.

5. Die intermediêre of onrype stadium.
6. Die gevorderde stadium wat by ongeveer die sewende graad, d.w.s. ongeveer standard vyf, intree.

Russell ⁴⁶ beweer dat die derde fase baie belangrik is, omdat dit by uitstek dié periode is waarin goeie tegniek, belangstelling en 'n deeglike begrip van wat gelees is, aangeleer moet word.

Die vierde stadium t.w. die oorgangstadium, is 'n kritieke fase omdat, hoewel die kind 'n verskeidenheid van leesstof lees, die begripsvermoë nog baie onryp is. Daarom dat kinders in hierdie stadium baie ongeduldig raak as dit gebeur dat die leesvaardigheid nie kan tred hou met die leesbelangstelling nie.⁴⁷

Gedurende die intermediêre fase kan die kind baie leesstof vir volwassenes al baasraak. Die kind kan sy leestegniek aanpas by die leesdoel, d.w.s. die kind kan oorsigtelik lees indien verlang, maar ook analities indien nodig.

In die gevorderde stadium besoek die kind alreeds die hoërskool.

Vir praktiese doeleindes kan die leesontwikkeling van die laerskoolkind in drie fases ingedeel word, nl. die herkennings- of aanvangsleesfase, die fase van spoedontwikkeling en dordens die begripsfase. Hierdie drie fases dek ongeveer dieselfde ontwikkelingsperiodes as die derde, vierde en vyfde fases van Russell.

1. Die Herkenningsfase.

Hierdie fase begin met die onderrig in aanvangslees gedurende die eerste twee skooljare. Hierdie eerste twee skooljare is 'n moeisame periode vir beide leerling

=====

46. Russell, D.H.: op. cit. bl. 20.

47. Russell, D.H.: op. cit. bl. 20.

en onderwyser omdat die vordering skynbaar so stadig is. Dit is egter twee baie belangrike jare omdat die grondslag vir alle verdere leesontwikkeling hier gelê word. Die hoofvereiste is dat die leerling gedurende hierdie fase woorde en sinne wat binne die ervaringslewe val, moet leer herken. Die assosiatiewe band tussen gedagte of begrip en die woord of sin as simbool vir daardie gedagte of begrip moet versterk word.

Hierdie fase loop nooit ten einde nie, hoewel die aandag gedurende die latere fases nie soseer op herkenning val nie, aangesien aangeneem word dat die kind oor tegnieke moet beskik om woorde na vorm en inhoud te herken.

Namate die kind se ervaring groter word, moet die leesstof daarby aanpas. Leesontwikkeling moet egter nie slegs net tred hou met die ervaring nie. Dit moet die ervaring lei en moontlikhede vir nuwe ervaring skep. Die leesonderrig moet dus gedurig nuwe stellings verower en altyd weer ou stellings konsolideer. Elke nuwe fase in die leesontwikkeling moet dus aansluit by en voortbou op die reeds verworwe vaardighede. Daarom dat die herkenningsfase 'n deurlopende fase is wat egter meer gedurende die eerste paar jare boklemtoon word. Dit is egter nie voldoende om die kind slegs tegnieke vir woordherkenning te leer en dan te veronderstel dat dit voldoende is om die kind te help om woorde te lees en te verstaan nie. Herkenning sluit nie net herkenning na vorm in nie, maar ook herkenning na inhoud, d.w.s. begrip.

2. Die Fase van Tempo-ontwikkeling.

Gedurende die aanvangsleesfase word geen besondere klem op die versnelling van die leestempo gelê nie. Versnelde leestempo word beskou as 'n resultaat wat op

snelle herkenning van woorde moet volg. Gedurende die derde en vierde skooljare is dit egter belangrik om meer aandag aan die versnelling van die leestempo te gee, omdat dit veral gedurende hierdie fase is dat die motoriese loesgewoontes **gestabiliseer** word. Daarom dat die klem gedurende hierdie fase veral op die verlenging van die oogspronge en die oogstemwydte, d.i. die herkenningsomvang, moet val.

Gedurende die eerste twee skooljare is herkenning stadig, maar geleidelik word 'n stadium bereik waarin die herkenning sneller is as die hoogs moontlike vokalisasie. Dan begin die stilleestempo die hardopleestempo oortref. Uit die voorafgaande bespreking het geblyk dat die logiese geheue veral gedurende die agste lewensjaar vinnig ontwikkel en dat die algemene denkontwikkeling die skematiese stadium teen ongeveer die negende lewensjaar bereik. Om hierdie rede moet die versnellingstegnieke voor die negende lewensjaar toegepas word, sodat die leerling gedurende die begripsfase geen moeilikhede met leestempo sal ondervind nie.

3. Die Begripsfase.

Hoewel enige leerling moet begryp wat gelees word --- want herkenning na vorm alleen is nog nie lees nie ---- is dit veral gedurende die periode tussen die negende en die twaalfde lewensjare dat die ontwikkeling van die begripsvermoë baie snel is. Hierdie snelle ontwikkeling val saam met die periode waarin die aanskoulike denke vir die skematiese en abstrakte denke begin plek maak.

Dit is veral gedurende hierdie fase waarin die kind 'n dors na kennis openbaar, soos nog nooit tevore nie. Daarom dat die leesontwikkeling gestrem word indien

die hoofklem nie op die ontwikkeling van die taalbeheer en die leesbegrip val nie. Dit is veral gedurende hierdie fase dat die kind se woordeskat uitgebrei moet word om aan te pas by die groter behoefte van oorspronklike denke en die gevolglike wyere leesbelangstelling.

Die ontwikkeling van die herkenning en die tempo hoef gedurende hierdie fase nie verwaarloos te word nie, want beide tempo en herkenning is afhanklik van die begrip van die woorde wat gelees word.

Hierdie periode is dan by uitstek geskik vir stillees. Die leerling het op negejarige leeftyd 'n stadium in sy psigiese ontwikkeling bereik waar die onderrig van begripslees noodsaaklik geword het. Vanaf die negejarige leeftyd tree die kind die hoedanigheidstadium in sy waarneming in, terwyl die denke geleidelik losser raak van die aanskoulike voorstellings ^{en} meer en meer gebruik maak van vae herinneringsbeelde of skematiese voorstellingsbeelde. Op twaalfjarige leeftyd kan die denke al voorstellingsloos verloop en kan daar van begrippe gebruik gemaak word. In hierdie proses van begripsvorming speel taal 'n belangrike rol om die nodige denkvorme te verskaf. Wanneer gebruik gemaak word van taal as simbole vir begrippe, moet die band tussen die begrip en die begripsdraer, die taal, baie hog en duidelik wees. Vae begrippe en onsekere betekenis van woorde sal die suiwerheid van die denke benadeel.

Ook die ontwikkeling van die kinderlike leesbelangstelling hou tred met hierdie ontwikkelingsgang en hierdie bespreking sal dus nie volledig wees nie, alvorens ons nie die ontwikkeling van die kind se belangstelling nagsgaan het nie. Aangesien die ontwikkeling van die kinderlike belangstelling 'n omvattende terrein dek, word hier slegs aandag gegee aan die ontwikkeling van die kind se leesbelangstelling.

E. Die Ontwikkeling van die Leesbelangstelling.

Minkler⁴⁸ se navorsing het aan die lig gebring dat kinders se leesbelangstelling nie aanmerklik deur die tipe skool of woonbuurt beïnvloed word nie. Hy het verder gevind dat geslag 'n belangrike onderskeidende faktor is en dat daar 'n positiewe korrelasie tussen ouderdom en die leesbelangstelling van die geslagte op te merk is. Hy vind ook dat skoolstanderd, verstandelike begaafdheid en leesvaardigheid faktore van leesbelangstelling is.

Die resultate van Gunzburg⁴⁹ se navorsing het bewys dat die leesbelangstelling van twaalf- tot sestienjarige swaksinnige seuns wat egter almal goed kon lees, nie aanmerklik verskil van die belangstelling van normale leerlinge nie.

Die kinderlike leesbelangstelling ontwikkel geleidelik vanaf die vroegste kinderjare tot dit op ongeveer sestienjarige leeftyd die stadium van volwassenheid bereik het. Uit bogenoemde navorsing blyk dat, hoewel sekere individuele verskille graduele verskille in die leesbelangstelling as gevolg kan hê, die algemene rigting van belangstelling redelik eners is by leerlinge met verskillende intelligensies, woonbuurte en skole.

Hoewel dit moeilik is om definitiewe stadia van ontwikkeling aan te dui weens die oorvleueling van een ouderdomsgroep na 'n ander, kan sekere tendense in die belangstelling tog opgemerk word. As 'n geheel geneem gee alle kinders voorkeur aan die volgende belangstellings-

=====
48. Minkler, Frederick: "Voluntary Reading Interests in Canadian Schools", bl. 80.

50. Gunzburg, Herbert C.: "The Subnormal Boy and his Reading Interests", The Library Quarterly, Vol. XVIII, October 1948, ble. 264- 274.

elemente: goedhartigheid, dapperheid, geluk, skoonheid, humor, diere, prestasies van mense, liefde en wysheid.⁵¹

52

Scanlan het gevind dat dierestories agt-en-twintig persent van die honderd populêrste kinderboeke uitmaak.

Vanaf die vroegste kinderjare stel die kind belang in stories, rypies, sprokies en verhale oor diere. Aangesien die leesvermoë van die kleuter nog weinig of geensins ontwikkel is nie, word voorkeur gegee aan prentboeke en strokiesprentjies waarin die verhaal d.m.v. eenvoudige, enkelvoudige en helderklourige illustrasies vertel word. Uit die waarneming van kleuters van twee- tot vyfjarige leeftyd blyk dat hulle verkies om dieselfde bekende verhaal oor en oor te hoor. As daar 'n keuse gegee word tussen 'n bekende verhaal en 'n nuwe, onbekende, sal die bekende verhaal verkies word. Opmerklik is dit dat die kind lateraan ywerig meedoen aan die vertelling van die verhaal.

Tot op sewejarige leeftyd is die denke konkreet-gebonde en leef die kind in 'n verbeeldingryke wêreld, waarin die alledaagse bekende diere die onmoontlikste fratsse uithaal. Die kinderlike verbeelding is nog nie deur oorwegings van onmoontlikheid, onwaarheid of gebondenheid gerem nie. Daarom dat die koei maklik oor die maan spring en die reus se kop somaar daar tussen die wolke verdwyn. Dit is gedurende hierdie jare dat die sprokies, legendes en mites oor diere, voëls, wind, blomme, en ander natuurverskynsels in kort gesprekvorm verkies word. Die kind se liefde vir personifisering en dramatisering kan vrugbaar deur die kleuterskool

51. Traxler, A.E.: "Research in Reading in the United States", Journ. of Educ. Research, Vol. XLII, March 1949, bl. 487.

52. Scanlan, W.J.: "One Hundred Most Popular Books of Children's Fiction Selected by Children", Elementary English, Vol. XXV, Febr. 1948, ble. 83-97.

benut word om die taalkennis te vermeerder.

Teen agt-negejarige leeftyd is die kind lief vir verbeeldingprikkelende stories wat betrekking het op die werklike lewe. Die kind stel belang in realistiese verhale oor diere, natuurverskynsels en werklike gebeurtenisse. Aangesien die kind nou al onafhanklik kan lees en dit die periode is waarin met die onderrig van stilloos begin moet word, kan die verhale langer wees sodat die kind dit in 'n halfuur kan deurlees. Daar is 'n groot behoefte aan aanskoulike leesstof, d.w.s. leesstof wat aansluit by die kinderlike ervaring, belangstelling en kennis, sodat die kind 'n voorstelling van dit waarvan gelees word, voor die geestesoog kan oproep.

Teen ongeveer die tiende lewensjaar stel die kind belang in die groot wêreld daarbuite. Gedurende hierdie tydperk begin geslagsverskille hulself openbaar. Die meisies begin meer belangstel in eenvoudige liefdesverhale waarin daar 'n liefdesband tussen meisies is. Daarom dat koshuisverhale en bedrywighede waarin meisies saam optree, hulle belangstelling wek. Die meisie toon al 'n verinnerliking teenoor die seun se belangstelling in dade waarin uiterlike kragvertoon 'n rol speel.⁵³ Verder stel die seun belang in verhale oor avonture, misterie, reisbeskrywings, oorloë en jagtogte.

Geslagsverskille laat hulleself baie duideliker vanaf die twaalfde lewensjaar geld.⁵⁴ Die seun vertoon vanaf die twaalfde of dertiende lewensjaar 'n algemene voorliefde vir heldeverhale, modern sowel as antiek, terwyl die meisie voorkeur gee aan sentimentele lektuur. Andersen⁵⁵ het gevind dat beide seuns en meisies gedurende

=====
53. Traxler, A.E.: op. cit. bl. 487.

54. Traxler, A.E.: loc. cit.

55. Andersen, Ester: "A Study of Leisure-time Reading of Pupils in Junior High School", Elementary English Journ., Jan. 1948, ble. 258-267.

die twaalfde en dertiende lewensjaar voorkeur gee aan komiese verhale, fiksie, dierestories, biografieë en avontuurverhale. Traxler⁵⁶ ken aan fiksie die vernaamste plek toe, terwyl kortverhale, reisbeskrywings en biografieë volgens hom, wye belangstelling by hierdie ouderdomsgroep wek.

Hoewel daar al 'n sterk persoonlike kleur by die keuse van leesstof by die twaalfjariges opgemerk kan word, is dit eintlik gedurende die volgende twee lewensjare waarin persoonlike smaak sterk ontwikkel. Teen die sestiende lewensjaar is die smaak van volwassenes ookal bereik en is dit moelik om enige definitiewe voorkeur te bepaal, aangesien die persoonlike smaak sterk deur 'n hele reeks psigologiese faktore beïnvloed word.

P. Die Vraagstuk van Leesrypheid.

Ontwikkeling en groei is 'n proses wat van binne sowel as van buite plaasvind. Ontwikkeling en groei het fisiese en psigiese verandering as gevolg. Fisiese verandering kan innerlik en onsigbaar wees, maar ook uiterlik waarneembaar. Psigiese verandering is 'n proses van differensiasie van die goestesfunksies en het as gevolg sekere stadia waarin die kind vatbaarder is vir sekere soorte leerstof as in ander stadia. Differensiasie van funksies veronderstel egter altyd die proses van sentralisasie of subordinasie van funksies aan die geheel. Hierdie ontwikkelingsgang vind nie reglynig plaas nie, maar die differensiasie en sentralisering van funksies tree op ongelyke tye in, wanneer die organisme innerlyk ryp daartoe is en die uiterlike omstandighede gunstig is vir die ontwikkeling.

In die leesontwikkeling van die laerskoolkind kan daar vooral gedurende drie periodes sprake wees van leesrypheid, nl. rypheid vir aanvangsleesonderrig;

56. Traxler, A.E.: loc. cit.

rypheid vir stillees en rypheid vir begripslees.

1. Rypheid vir aanvangsleesonderrig.

In hierdie verband word drie belangrike feite algemeen erken en aanvaar, nl. a. Kinders verskil heelwat van mekaar t.o.v. die tempo van ontwikkeling en die ouderdom waarop hulle ryp is vir stelselmatige leesonderrig;

b. Vorige ervaring, huislike en sosiale milieu beïnvloed die leesrypheid ; en

c. Baie kinders het verdere oefening en ervaring nodig voordat hulle ryp is vir stelselmatige leesonderrig.

2. Wanneer is die kind ryp vir stilleesonderrig?

In die volgende hoofstuk word nader op die verskil tussen stillees en hardoplees ingegaan. Voorlopig kan gemeld word dat aangesien daar geen noemenswaardige verskil tussen stillees en hardoplees is nie, die kind ryp is vir stillees wanneer die kind ryp is vir leesonderrig.

Gedurende die eerste twee skooljare sal stillees nie lonend wees nie, hoewel dit geen nadelige gevolge kan hê as leesbeginners stillees doen nie. Eksperimentele gegewens wat in 'n volgende hoofstuk bespreek sal word, dui daarop dat stillees gedurende die derde en vierde skooljare geleidelik vinniger plaasvind, totdat die stillees-tempo die hardoplees-tempo gedurende hierdie twee jare oortref. Uit die waarneming is gevind dat standaard eenleerlinge ewe vinnig lees by stillees en hardoplees. Die aangewese tyd om dus met die onderrig van stillees te begin, is die derde skooljaar.

3. Wanneer is die kind ryp vir begripslees?

Lees sonder begrip is geen lees nie. Daarom dat heel van die begin af verwag kan word dat leerlinge moet verstaan wat hulle lees. Aangesien die leerlinge veral

gedurende die eerste drie tot vier skooljare besig is om die meganiese leesvermoë te ontwikkel, is dit nie wenslik om gedurende hierdie tydperk aandag aan begripsleesonderrig te gee nie.

Uit die bospreeking van die denkontwikkeling van die laerskoolkind het geblyk dat die negejarige kind 'n nuwe fase in sy psigiese ontwikkeling bereik. Die waarneming van die negejarige kind is meer werklikheidsgerig, die logiese gehoue ontwikkel snel, terwyl die denke oorgaan van die aanskoulike, voorstellingsdenke na minder aanskoulike skematiese denke. Die kind stel belang in die groot wêreld daarbuite en daar is 'n verlange na meer en meer kennis op te merk. Die gevolg hiervan is dat leerlinge meer selfstandig begin lees en sodoende kennis maak met 'n hele aantal nuwe woorde en begrippe.

Aangesien begripslees herkenning, denkend en waardierend lees is, beteken dit dat die kind in die lig van bostaande gegewens op negejarige leeftyd ryp is vir onderrig in begripslees.

oooOooo